



***ANALISE VAN PLAASAANVALLE EN -MOORDE IN DIE KALENDER  
JAAR 2021 IN DIE VRYSTAAT (1 Januarie tot 31 Desember)***



Vrystaat Landbou  
Free State Agriculture  
Tsa Temo Freistata

## **1. Inleiding**

In die kalender jaar **2021** (1 Januarie tot 31 Desember) was daar 64 **plaasaanvalle** wat **8 moorde insluit**, wat op landbougrond in die Vrystaat plaasgevind het. Tov **plaasmoorde** (8) is 2 produsente, 1 opkomende boer en sy familie van 4, 4 plaaswerkers insluitend voormanne, en 1 persoon wie 'n plaas besoek het, vermoor in 2021. Die moorde het plaasgevind te Harrismith (2 insidente), Fouriesburg, Heilbron, Koppies, Kroonstad, Makwane (Qwaqwa) en Vanstadensrus.

Tov **56 plaasaanvalle** in 2021, is 17 produsente (30.36%), 14 opkomende boere (25%) wat bestaansboere insluit, 18 plaaswerkers 32.14%) wat sekuriteitswagte en voormanne insluit, 6 persone wie op plase/kleinboewes woonagtig is (10.71%), en 1 persoon wat 'n besoek afgelê het op 'n plaas, aangeval. Die hoë misdad areas tov plaasaanvalle is Harrismith, Bloemspruit, Kroonstad en Zastron. Verder was daar 22 bykomende dorpe se boerdery gemeenskappe wat plaasaanvalle beleef het in 2021 in die Vrystaat.


In dieselfde periode gedurende **2020** was daar **72 plaasaanvalle** wat **12 moorde ingesluit het**. As die 2 jare vergelyk word, dan is daar 'n **daling van 12.5% plaasaanvalle en of -morde** in die 2021 kalender jaar in die Vrystaat.

## **2. Geografiese areas as hoë misdad areas in die Vrystaat**

In totaal, het 32 dorpe se boerdery gemeenskappe **plaasaanvalle en of -morde** beleef in 'n kalender jaar in die Vrystaat. Die volgende dorpe se boerdery gemeenskappe kan as hoë misdad areas tov plaasaanvalle en -morde geïdentifiseer word nl. Harrismith met 13 insidente, gevolg deur Bloemspruit met 5 insidente, Kroonstad en Zastron met 4 insidente elk.

Negentien (19) van die 64 plaasaanvalle en -morde was by **grensdorpe** geleë teen die RSA/Lesotho grens (29.69%), dus amper 30% van Vrystaat se plaasaanvalle en -morde vind in die oorgrens area plaas.

Sien onderstaande kaart met die geografiese ligging tov plaasmoorde en -aanvalle in die kalender jaar 2020 en 2021 in die Vrystaat:



### 3. Misdad Patroon Analise (MPA):

Die Misdad Patroon Analise (MPA) tov **plaasmoorde** se manifestasie, word hieronder weergegee:

- **Dag van die week:** Drie (3) van die 8 moorde het op 'n Donderdag plaasgevind, gevolg deur 'n Sondag (2).
- **Tydskale:** 4 van die 8 moorde (50%) het vanaf 18h00 tot 05h59 dus in die nagtelike ure plaasgevind.

- **Dag van die Maand:** 4 moorde het vanaf die 25ste tot 30/31ste van 'n maand plaasgevind (50%).

Tov van **plaasaanvalle** is die volgende MPA van belang:

- **Dag van die week:** Die meeste plaasaanvalle het plaasgevind op Maandae (14 – 25%), gevolg deur Donderdae (13) en Sondag (11). Gedurende naweke (Vrydae tot Sondag) het 19 van die 54 plaasaanvalle gerealiseer (33.93%).
- **Tydskale:** Die meeste plaasaanvalle het in die voornag plaasgevind, dus vanaf 18h00 tot 23h59 (26-46.43%) terwyl 'n addisionele 16 vanaf 18h00 tot 05h59 plaasgevind het (28.57%). Dus gedurende die nagtelike ure het 42 van die 56 plaasaanvalle gemanifesteer (75%).
- **Maande van die jaar:** In April het die meeste plaasaanvalle plaasgevind naamlik 7, gevolg deur Januarie en September met 6 elk, terwyl Oktober, November en Desember elk 5 insidente gehad het. Dit wil dus voorkom asof die plaasaanvalle vanaf September tot Januarie die meeste uitgevoer is.
- **Dag van die Maand:** Die meeste plaasaanvalle op een dag het plaasgevind op die 18de van 'n maand met 6 insidente. Die meeste plaasaanvalle vind plaas in die tydsiklus vanaf die 21ste tot die 30/31ste van 'n maand (24 – 42.86%).
- Elf (11) plaasaanvalle het op kleinhoewes plaasgevind, terwyl die res op plase plaasgevind het.

#### **4. Slagoffer en oortreder analise asook tipe items geroof:**

**Nege-en-tagtig (89) persone het slagoffers** van plaasaanvalle en of -moorde in die Vrystaat geword in die 2021 kalender jaar.

Tov **plaasmoorde**, het 3 moorde plaasgevind waar 2 en meer slagoffers in een insident aangeval is, al die plaasmoorde was op plase gepleeg. 'n Familie van 5 is in Harrismith vermoor, insluitende 3 kinders. Twaalf persone is in 8 insidente vermoor. In 3 plaasmoorde was daar 4-5 aanvallers, terwyl in 3 was daar verskeie (getalle nie gemeld nie). In 4 plaasmoorde is vuurwapens gebruik (50%) om slagoffers te dood. In 4 plaasmoorde is arrestasies uitgevoer (50%).

Tov **plaasaanvalle**, is daar in 16 aanvalle is 2 persone per insident aangeval naamlik of die produsent/opkomende boer en sy vrou en ook kinders, of die werker en sy vrou. In die res van die aanvalle was individuele slagoffers aangeval. In 56 aanvalle het 159 aanvallers dit gepleeg, dus 'n gemiddeld van nagenoeg 3 aanvallers per insident. In 5 van die aanvalle was die getal aanvallers nie bekend nie, net gemeld dat dit verskeie was. In 28 **plaasaanvalle** was daar tussen 2 tot 3 aanvallers (50%), in 15 aanvalle was daar tussen 4 tot 6 en selfs 10 aanvallers (26.8%). In 26 **plaasaanvalle** (50%) is vuurwapens deur die aanvallers gebruik, in 14 aanvalle is 'n mes, panga, ysterpaal of skerp voorwerp gebruik. In 11

plaasaanvalle (19.64%) was arrestasies uitgevoer of is aanvallers ook noodlottig gewond deur of die boer of die polisie.

Wat betref **items** wat in plaasaanvalle geroof word: In 20 **plaasaanvalle** is selfone geroof, in 19 kontant, in 8 voertuie gevolg deur in 7 insidente diere (skape, bokke en of hoenders), in 3 elk is vuurwapens en sleutels van wonings en of voertuie geroof. In 11 is elektriese ware asook kragopwekkers gesteel, in 4 aanvalle is koper kabels en of sonpanele geroof. In 5 plaasaanvalle is niks geroof vanaf plase nie agv die vinnige reaksie vanaf die inwoners/slagoffers en of hul ondersteuningsbasis.

## 5. Opsomming:

Kortliks 'n opsomming van plaasaanvalle en -moorde in die kalender jaar 2021 in die Vrystaat:

- Rakende **plaasmoorde**, was daar 4 moorde minder in die 2021 kalender jaar in vergeleke met die 2020 kalender jaar;
- Rakende **plaasaanvalle**, was daar 4 plaasaanvalle minder gepleeg in 2021 as in die 2020 kalender jaar;
- 32 van die 88 dorpe se boerdery gemeenskappe het of 'n **plaasaanval en of -moord** beleef in 2021- die **hoë misdaad areas** tov plaasaanvalle en of -moorde is Harrismith (13 insidente), gevolg deur Bloemspruit (5); Zastron en Kroonstad met (4 elk); Ficksburg en Fouriesburg (3 elk); Mafube, Virginia en Wepener (2 elk) - 29.69% van die Vrystaat se plaasaanvalle/moorde is by boerdery gemeenskappe wat langs die RSA/Lesotho grens geleë is, gepleeg;
- Die mees **prominente dae** vir plaasaanvalle en -moorde is Donderdae en Sondae; 50% tot 75% van plaasaanvalle en -moorde vind in **nagtelijke ure** plaas (18h00 tot 05h59);
- Vanaf 42.86% tot 50% van plaasaanvalle en -moorde vind vanaf die **21ste tot 30/31ste** van 'n maand plaas;
- 89 slagoffers is in 64 plaasaanvalle en of -moorde aangeval en of vermoor in die kalender jaar 2021 in die Vrystaat – in 76.8% van plaasaanvalle was daar **2 tot 5 aanvallers**, selfs 10 aanvallers in twee insidente – 'n gemiddeld van 3 aanvallers het aanvalle uitgevoer;
- In 50% van plaasaanvalle en of -moorde is **vuurwapens** gebruik deur aanvallers;
- In 20 **plaasaanvalle** is selfone geroof, in 19 kontant, in 8 voertuie gevolg deur 7 insidente waar diere, Meestal skape en of bokke, en in 3 waar vuurwapens geroof is;
- In 19.64% van plaasaanvalle is **arrestasies** uitgevoer, terwyl in 50% van plaasmoorde arrestasies uitgevoer was.

Daar was **12 plaasaanvalle voorkom** in die kalender jaar in die Vrystaat, die helfte daarvan in die Oos-Vrystaat. In sekere van die plaasaanvalle was arrestasies voortydig uitgevoer nl. in Heilbron en Tweespruit alvorens aanvallers dit kon uitvoer.

Die skakeling van inligting deur beide boerdery gemeenskappe en veral waar daar Plaaswag strukture en of Beheerkamers in boerdery gemeenskappe bestaan, in samewerking met kern rolspelers in die SAPD, speel hier 'n belangrike rol ten einde voorkomend gerig te wees.